

KORRELASIE TUSSEN DIE AANTAL
BIBLIOTEEKBOEKE WAT HOERSKOOLEERLINGE LEES EN
HULLE PRESTASIE IN DIE SKOOLEKSAMENS
IN AFRIKAANS EN ENGELS.

'n Verhandeling voorgelê vir die graad

M. Ed.

deur

G.J. Engelbrecht. B.A., B.Sc., B.Ed.

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

1952.

I N H O U D

Bladsy.

I. DIE PROBLEEM:

- a. Die Skoolbiblioteek1
- b. Werk van vorige ondersoekers 3

II. DIE ONDERSOEK:

- 1. Die proefpersone 7
- 2. Die aantal boeke deur leerlinge gelees 9
- 3. Die punte behaal in Afrikaans en
Engels.....14
- 4. Verwerking van gegewens 17
- 5. Resultate 21
- 6. Opsomming van resultate 24

III. GEVOLGTREKKINGS:

A. Moontlike besware:

- 1. Die aantal boeke per leerling 26
- 2. Die punte in Afrikaans en Engels.. 29
- 3. Die organisasie van die biblioteek 30
- 4. Metodologiese besware 31

B. Uiteindelijke gevolgtrekkings 32

BYLAES 36

BIBLIOGRAFIE 41

-----ooo00ooo-----

I. DIE PROBLEEM.

a. DIE SKOOLBIBLIOTEEK:

Op min gebiede van die moderne lewe het daar in die laaste halfeeue meer nuwe idees te vore gekom, is daar meer nuwe rigtings ingeslaan, is daar meer geëksperimenteer, is daar meer nuwe metodes toegepas, is daar meer hulpmiddels ingevoer, as op die gebied van opvoeding en onderwys.

Een van die hulpmiddels wat hier sterk op die voorgrond getree het, is die skoolbiblioteek. Van oudsher was die biblioteek 'n inherente deel van die inrigtings vir hoër onderwys; universiteite het hulle steeds daarop toegelê om biblioteke op te bou wat so omvattend en volledig moontlik is.

In Amerika is 'n sekondêre skool sonder 'n deeglik toegeruste biblioteek vandag ondenkbaar. In die bou-regulasies van die Raad en Ministerie van Onderwys van Engeland, November 1944, word 'n biblioteekkamer as 'n essensiële deel van die toerusting van alle sekondêre skole, wat voortaan gebou sal word, gestel.⁽¹⁾

Ook in Suid-Afrika word vandag al meer en meer die belangrikheid van die skoolbiblioteek as 'n onmisbare deel van die sekondêre skool besef en die verskillende provinsiale Onderwysdepartemente dra mildelik by tot die toerusting en instandhouding van biblioteke aan die sekondêre skole.

Saam met die beklemtoning van die belangrikheid van die skoolbiblioteek het ook 'n verandering in opvoedkundiges se beskouing daarvan gekom. Die biblioteek word nie meer beskou as 'n middel om voorsiening te maak vir die leerling se vrye tyd nie, maar as 'n baie belangrike middel tot onderwys en opvoeding.

Lucile F. Fargo stel die doelstellings van die skoolbiblioteek: om o.a. boeke aan te skaf in ooreenstemming met die behoeftes/.....

(1) C.A. Stott : School libraries, A Short Manuel, p.p. 8 & 9.

die behoeftes van die kurrikulum; leerlinge te lei in hulle boekkeuse; in leerlinge die vaardigheid en vindingrykheid te ontwikkel om boeke te gebruik; in leerlinge 'n wye kring betekenisvolle belangstellings te ontwikkel; estetiese ervaring te verskaf en kunswaardering te ontwikkel; lewenslange opvoeding deur die biblioteek aan te help
"To work co-operatively and constructively with the instructional and administrative staffs of the school".⁽¹⁾

Stott stel die opvoedkundige gebruike van die skoolbiblioteek as volg:

"(1) To provide material to supplement and enrich work done in subjects taught in the class-room; (2) to provide material to arouse and satisfy the great variety of personal interests a child may develop outside the scope of the curriculum, whether these interests are intellectual, imaginative or practical; (3) to make possible training in the use of books and of a library as sources of information, together with practice in their use; (4) to furnish opportunities for children (often children to whom other school responsibilities do not readily come) to exercise responsibilities of various kinds; and (5) to introduce all children to the public library system."⁽²⁾

Ten spyte van Jean Jacques Rousseau ⁽³⁾ se verdoeming van alle boeke, word die boek tog vandag erken as die belangrikste middel tot opvoeding en onderwys en die waarde van lees word baie hooggestel.

So word dit deur mej. Fargo baie sterk as volg gestel: "Everywhere the educational world is agreed that without reading there is little learning or at best, learning under a most discouraging handicap".⁽⁴⁾

Verder/.....

(1) Lucile F. Fargo : The library in the school, p. 22.

(2) C.A. Stott : op. cit., p.p. 7 & 8.

(3) Jean Jacques Rousseau : Emile, p. 147.

(4) Lucile F. Fargo : op. cit., p. 32.

Verder erken sy nuwe ontwikkelings en verbetering van die onderwystegniek maar besluit tog dat, ten spyte van die opgang wat die radio en die film in die onderwyswêreld maak, "reading must continue to play a leading part in the educative process for many years." (1)

By onderwysers is dit 'n vaste geloof dat 'n leerling, wat swak presteer in tale op skool, sy prestasie kan verbeter deur eenvoudig maar net meer te lees. Die vraag het nou by die skrywer hiervan ontstaan of daar werklik 'n verband bestaan tussen die aantal boeke wat 'n leerling lees en sy skoolprestasie in die landstaal; sal die kind wat baie lees ipso facto hoër punte in die skooleksamens in tale behaal as die kind wat baie min lees?

Die probleem stuur dus af op die omvang van die korrelasie-koëffisiënt tussen die aantal boeke wat leerlinge in 'n taal lees en hulle prestasie in daardie taal.

b. WERK VAN VORIGE ONDERSOEKERS:

Deur baie opvoedkundige en biblioteekkundige skrywers word die mening baie sterk uitgespreek dat lees in baie nou verband staan met die taalvaardigheid van leerlinge.

So skrywe Russel: "Reading is intrinsically connected with other language activities and is one part of a large group of communication arts, arts basic to man's progress, yesterday and today." (2)

Verder noem hy die moontlike bydraes wat 'n leesprogram tot 'n kind se ontwikkeling kan lewer. Vyftien moontlikhede word genoem waaronder ook: "It may contribute and enrich other forms of language development. In doing so it may help to provide freer communication of ideas." (3)

Ballard/.....

(1) Lucile F. Fargo, op. cit., p. 32.

(2) David H. Russel : Children learn to read, p. 16.

(3) David H. Russel : op. cit. p. 50.

Ballard is meer spesifiek waar hy handel oor die bydrae van lees tot die verskillende taalaspekte. Na bespreking van die belangrikheid van lees en die neiging van leerlinge om rillers van allerlei aard te verslind, besluit hy:

"I personally hold that surreptitious reading is, on the whole, a benefit to the school; not because it is surreptitious but because it is reading. It makes the child familiar with words and the printed page; it extends his vocabulary and gives him a sense of syntactical structure. It is a fine form of literary education." (1)

By opstelkrywe is daar vir Ballard twee faktore wat 'n rol speel, :Gedagtes of idees en woorde. Die taak van die onderwyser is dus om die kind 'n oorvloed woorde te gee en die beste manier om hom woorde te gee is deur lees. (2)

Maar die meeste kinders is ook arm aan idees, aan begrippe; die onderwyser moet dus ook die begrippe verskaf ".and ideas, as well as words, are found abundantly in books," (3) Verder nog lees ons: "Reading is the best auxiliary the teacher has at his disposal." (4) Ook Gertrude Hildreth heg geweldig baie waarde aan lees: "From reading the pupil gains knowledge of vocabulary, sentence structure, grammatical form used in speaking and writing. Reading enriches vocabulary." (5).

In teenstelling hiermee glo Gray en Holmes dat woorde-skat die beste verbeter deur direkte onderrig, hoewel hulle nie daardeur wil hê dat wye, onafhanklike lees moet uitgeskakel word nie, want dit help die verkry van idees en dit verryk/.....

(1) Philip B. Ballard : Teaching the mother tongue, p. 97.

(2) Ibid, p. 81.

(3) Ibid, p. 83.

(4) Loc. cit.

(5) Gertrude Hildreth : "Interrelationships among the language arts", Elementary School Journal, 48, p. 543.

verryk die ervaring.⁽¹⁾

Ook Dr. H.J.J. Bingle beveel die biblioteek aan as 'n middel wat by die bestudering van die moedertaal gebruik moet word.⁽²⁾

Ten slotte 'n aanhaling uit die proefskrif van 'n ervare onderwyser-bibliotekaris aan 'n meisieskool in Transvaal: "It is obvious that the more a child reads, the more facility he gains in writing and speaking a language."⁽³⁾

Dit sal opgemerk word dat al hierdie skrywers hulle persoonlike opinies, gelowe en menings gee en vir almal is lees 'n baie belangrike middel tot taalonderwys. Ons merk egter ook dat daar nêrens melding gemaak word van eksperimentele werk waarvan die resultate hierdie menings ondersteun nie.

Dit was tewens ook die groot moeilikheid aan hierdie ondersoek verbonde. Baie ure se soek in verskeie biblioteke het 'n massa gegewens in verband met die skoolbiblioteek te voorskyn gebring. Daar kan 'n geweldige lang lys van publikasies opgestel word wat handel oor skoolbiblioteke, hulle administrasie en beheer, hul inskakeling in die lewe van die skool en organisasie, oor die gebruik van die biblioteek in die magasyn, oor die gebruik van die skoolbiblioteek in persoonlikheidsaanpassing, ens. ens.

So ook is die probleem van lees vanuit baie standpunte ondersoek: Die verbetering van lees, die korrelasie van leesbekwaamheid met ander skoolvakke, ens.

Nêrens/.....

-
- (1) William S. Gray & Eleanor Holmes : The development of meaningful vocabularies in reading, p. 77.
- (2) J. Chris Coetzee (Red.) & H.J.J. Bingle (Medewerker) : Beginnels en metodes van die Middelbaar Onderwys, p.80.
- (3) Shirley T. Speight: "The library in a high school",

Nêrens egter kon ons enige bron opspoor wat ingaan op die invloed wat wyd lees op die taalvaardigheid van 'n leerling het, nie eers op een van die onderdele daarvan nie. Tewens in 'n opsomming van ondersoeke oor lees en die probleme daaraan verbonde erken Gertrude Hildreth : "In spite of the vast amount of research on reading problems, little attention has been paid to reading and language interrelationships in school instruction." (1) Gevolglik dek hierdie verhandeling so ver ons kon uitvind geheel en al 'n nuwe veld.

(1) Gertrude Hildreth : "Interrelationships in the language arts," Elementary School Journal, Vol. 48, p. 545.

II. EIE ONDERSOEK.

1. DIE PROEFPERSONE:

Die proefneming het gestrek oor die nege jaar vanaf Januarie 1942 tot Desember 1950, en al die leerlinge van 'n Afrikaansmedium hoërskool aan die Rand is vir die doel gebruik.

Hierdie leerlinge kom uit verskillende strata van die volk. Onder hulle is kinders van predikante, dokters, onderwysers, klerke, boere, mynwerkers, agente, arbeiders, vakmanne in die boubedryf en in die ingenieurswese. Die meeste kinders se ouers was egter werkzaam vir die spoorwag, die poskantoor en die goudmyne.

Die meeste leerlinge kom dus uit huise waar daar maar min eie boeke is en waar dikwels die enigste boeke wat gesien word die is wat die leerling uit die skoolbiblioteek bring. Die dorpsbiblioteek was nooit en is vandag nog nie vry nie en dit het nie die meeste van die ouers getrek nie.

Leerlinge wat nie vir al die vier skoolkwartale van 'n jaar aan die besondere skool was nie, kon uit die aard van die saak nie in rekening gebring word nie, en so is die aantal gevalle aanmerklik minder as die totale inskrywing van die skool oor die jare 1942 tot 1950. Tog is daar 'n totaal van 3285 leerlinge vir wie gegewens beskikbaar is.

In tabel I word die aantal seuns en meisies vir elke jaar gegee. Hieruit blyk 'n aanmerklike daling in die jare 1947 en 1948. Dit is te wyte aan die feit dat die inskrywing van die skool in hierdie jare aanmerklik gedaal het deur die stigting van nuwe hoërskole in die omgewing.

Tabel I./.....

Tabel I.

Aantal seuns en meisies in Std. 6 tot Std. 10
vir elk van die jare 1942 - 50.

Jaar	Seuns	Meisies	Totaal
1942	182	99	281
1943	265	116	381
1944	271	113	384
1945	301	142	443
1946	328	143	471
1947	217	110	327
1948	161	86	247
1949	224	143	367
1950	252	132	384
Totaal	2201	1084	3285

Ons vind hier dat die seuns min of meer altyd twee keer soveel as die meisies was.

Tabel II.

Ontleding van seuns in verskillende standerds.

Jaar	Std 6	Std 7	Std 8	Std 9	Std 10	Totaal
1942	32	48	40	37	25	182
1943	39	78	72	55	21	265
1944	36	97	57	53	28	271
1945	46	122	57	49	27	301
1946	61	102	89	38	38	328
1947	35	67	57	38	20	217
1948	33	38	45	25	20	161
1949	102	53	29	23	17	224
1950	121	55	38	19	19	252
Totaal	505	660	484	337	215	2201
% van Totaal	22.9	30	22	15.3	9.8	100

Tabel III./.....

Tabel III.

Ontleding van meisies in verskillende standerds.

Jaar	Std 6	Std 7	Std 8	Std 9	Std 10	Totaal
1942	28	16	30	9	16	99
1943	25	37	23	19	12	116
1944	-	69	24	8	12	113
1945	34	46	43	13	6	142
1946	28	50	31	25	9	143
1947	15	28	30	21	16	110
1948	17	15	20	20	14	86
1949	57	30	29	13	14	143
1950	59	34	23	6	10	132
Totaal	263	325	253	134	109	1084
% van Totaal	24.3	30	23.3	12.4	10	100

Uit tabelle II en III is dit duidelik dat die skool in die jare 1949 en 1950 eintlik van aard verander het. Waar daar tevore alleen die Std 6 leerlinge was wat vas van plan was om die hoërskoolkursus te deurloop, het dit nou al die Std 6 leerlinge van die omgewing gehuisves.

2. DIE AANTAL BOEKE DEUR ELKE LEERLING GELEES.

Daar is gebruik gemaak van leerling-biblioteekkaarte (7.) waarvan hierdie gegewens verkry is. Elke leerling het sy eie kaart gehad en op die was elke boek wat die leerling uitneem aangeteken, of liever die nommer daarvan. Daar al die Afrikaanse boeke se nommers met "A" en al die Engelse boeke se nommers met "E" begin het, was dit moontlik om aan die einde van elke jaar te tel hoeveel Afrikaanse en hoeveel Engelse boeke die leerling uitgeneem het.

Daar was so min Nederlandse en Duitse boeke uitgeneem dat die buite rekening gelaat is.

Die rooster was so opgestel dat die meerderheid van klasse een periode per week in die biblioteek kon deurbring, om boeke uit te neem, te lees in tydskrifte of naslaanwerk te doen.

Ongelukkig/.....

Ongelukkig het die organisasie van die skool dit nie moontlik gemaak dat dieselfde persoon vir al die klasse vir die hele tyd verantwoordelik kon wees nie.

In die eerste vier jaar was die meeste klasse deur die proefnemer geneem maar deur die druk van ander werksaamhede het die aantal klasse waarvoor hy verantwoordelik was geleidelik verminder. Verskeie ander leerkragte was vir die res van die klasse se biblioteekperiodes verantwoordelik.

'n Eenvormige stelsel van boeke uitgee, inneem en beheer is deur almal gevolg maar tog varieer die totale aantal boeke wat leerlinge in die verskillende standers van jaar tot jaar uitneem grootliks. Skynbaar weerspieël dit weer die groot rol wat die persoonlike faktor in alles rakende onderwys en opvoeding speel: Die persoonlikheid en entoesiasme van die onderwyser gee die deurslag en nie die metode of stelsel nie.

In tabelle IV, V en VI hieronder word besonderhede gegee in verband met die gemiddelde aantal boeke wat leerlinge jaarliks uitgeneem het.

Tabel IV.

Gemiddelde aantal boeke deur elke leerling per jaar uitgeneem vir elk van die jare 1942-1950.

Jaar	Aantal leerlinge	Afrikaans	Engels	Totaal
1942	281	17.4	11.3	28.7
1943	381	17.2	11.7	28.9
1944	384	17.4	12.1	29.5
1945	443	18.0	14.6	32.6
1946	471	16.7	13.4	30.1
1947	327	17.1	15.5	32.6
1948	247	10.2	8.4	18.6
1949	367	10.1	7.6	17.7
1950	384	15.0	10.1	25.1
Totaal	3285	15.6	11.8	27.4

Ons merk dat die totale aantal boeke wat leerlinge uitgeneem het geleidelik gestyg het van 1942 tot 1947. Dit

word/.....

word toegeskryf aan beter organisasie en 'n groeiende boekery. In 1948 was daar as gevolg van die vermindering in die aantal leerlinge 'n aansienlike personeelvermindering. Dit het meegebring 'n hele herverdeling van werksaamhede en die skrywer hiervan kon eintlik maar net in naam verantwoordelik vir die biblioteek bly. Die groot vermindering in die aantal boeke wat die leerlinge in 1948 en 1949 uitgeneem het kan hieraan toegeskryf word. In die begin van 1950 was ons nie tevrede met die biblioteekdienste nie en 'n herorganisasie het die leerlinge weer baie meer boeke laat uitneem.

Hierdie vermindering in die aantal boeke uitgeneem kom ook duidelik in tabelle V (a) en (b) hieronder uit.

Tabel V (a).

Gemiddelde aantal boeke deur elke seun per jaar uitgeneem vir elk van die jare 1942-1950.

Jaar	Aantal leerlinge	Afrikaans	Engels	Totaal
1942	182	16.3	9.8	26.1
1943	265	16.4	11.4	27.8
1944	271	16.1	12.0	28.1
1945	301	17.6	14.3	31.9
1946	328	15.8	12.5	28.3
1947	217	17.0	15.5	32.5
1948	161	8.7	7.8	16.5
1949	224	9.8	8.0	17.8
1950	252	14.4	10.3	24.7
Totaal	2201	15.1	11.5	26.6

Tabel V (b)

Gemiddelde aantal boeke deur elke meisie per jaar uitgeneem vir elk van die jare 1942-1950.

Jaar	Aantal leerlinge	Afrikaans	Engels	Totaal
1942	99	17.5	14.6	31.1
1943	116	18.7	12.5	31.2
1944	113	17.1	12.2	29.3
1945	142	18.7	15.3	34.0
1946	143	18.1	16.1	34.2
1947	110	17.5	15.6	33.1
1948	86	11.2	9.4	20.6
1949	143	10.4	6.9	17.3
1950	132	16.2	9.5	25.7
Totaal	1084	16.5	12.5	29.0

Uit tabelle V(a) en V(b) blyk dat die meisies elke jaar ietwat meer boeke as die seuns uitneem, nl. 2.4 per leerling per jaar gemiddeld vir die nege jaar. Die grootste verskil is in 1942 nl. 5 boeke en die kleinste in 1950 nl. 1 boek. Skynbaar is die verskil veral daaraan toe te skrywe dat die meisies van die omgewing tot 1949 vanaf Std 6 in groot getalle na die Tegniese Kollege gegaan het en die klompie wat na die Hoërskool gegaan het was dus meer selektief as die seuns.

Tabel VI (a).

Die gemiddelde aantal Afrikaanse en Engelse boeke deur seuns in die verskillende standers uitgeneem vir die 9 jaar 1942-1950.

Std.	Afrikaans	Engels	Totaal
6	16.9	12.3	29.2
7	15.4	11.7	27.1
8	12.5	8.7	21.2
9	19.2	16.0	35.2
10	9.8	8.0	17.8
Totaal	15.1	11.5	26.6

Tabel VI (b).

Die gemiddelde aantal Afrikaanse en Engelse boeke deur meisies in die verskillende standers uitgeneem vir die nege jaar 1942-1950.

Std.	Afrikaans	Engels	Totaal
6	17.1	12.9	30.0
7	17.2	12.8	30.0
8	16.2	11.6	27.8
9	19.3	16.3	35.6
10	10.2	8.3	18.5
Totaal	16.5	12.5	29.0

Opvallend is in tabelle VI(a) en VI(b) dat:

1. Std 6 en 7 leerlinge meer boeke uitneem as Std 8 leerlinge.

Dit kan verklaar word deur die feit dat huiswerk van
standerd/.....

standerd tot standerd meer word en tyd vir lees dus minder word of ook omdat die leerlinge geleidelik vaardiger word in die keuse van boeke en dus meer die boeke wat hulle uitneem werklik lees.

ii. Std 9 leerlinge neem die meeste boeke van die vyf standerds uit. Dis omdat so baie leerlinge aan die einde van Std 8 die skool verlaat en die Std 9 leerlinge is dus 'n meer uitgesoekte groep.

iii. Daar is 'n groot vermindering in die aantal boeke deur die Std 10 leerlinge uitgeneem. In die finale jaar het die hoërskoolleerling baie skoolwerk en hy besef die belangrikheid daarvan. Ook het hy baie leeswerk in verband met die voorgeskrewe werk in die twee (dikwels drie) tale. Gevolglik is daar nie baie tyd vir lees nie.

Ten slotte dien nog vermeld te word dat daar leerlinge is wat maar 2 boeke per jaar uitgeneem het terwyl ander tot 38 boeke uitgeneem het.

Die gemiddelde aantal boeke vir die 3285 leerlinge vir die nege jaar is 27.4 per jaar, nl. 15.6 Afrikaans en 11.7 Engels. (1)

Die Standaard afwyking vir Afrikaans kom te staan op 7.1 boeke per leerling per jaar. Dus het $66\frac{2}{3}\%$ van die leerlinge van 8.5 tot 22.7 boeke per jaar uitgeneem, wat heeltemal bevredigend lyk. Tog moet erken word dat baie leerlinge nie genoeg boeke gelees het nie. Ons vind bv. dat 829 (of 25.5%) van die leerlinge minder as een Afrikaanse boek per maand uitneem.

Vir Engelse boeke is die standaard afwyking 7.2. Dus het $66\frac{2}{3}\%$ van die leerlinge van 4.5 tot 18.8 boeke per jaar uitgeneem. Hier vind ons 1692 leerlinge (of 51.5%) wat minder as een Engelse boek per maand uitneem.

3. Die punte/.....

(1) Sien tabel VI(b), bl. 12.

3. DIE PUNTE BEHAAL IN AFRIKAANS EN IN ENGELS.

Vanaf 1926 het die skool sy eie rekordkaarte wat dit moontlik maak om die punte in elke vak vir elke kwartaal vir elke leerling wat die skool besoek het na te spoor. 'n Voorbeeld van so 'n kaart word aangeheg.⁽¹⁾ Die punte in die vierde kwartaal behaal is geneem.

(a) Afrikaans:

In onderstaande tabel word die gemiddelde persentasie vir seuns en meisies in Afrikaans vir elk van die nege jaar gegee.

Tabel VII.

Gemiddelde persentasie punte in Afrikaans vir elk van die nege jaar 1942 - 1950.

Jaar	Seuns	Meisies	Totaal
1942	49.8	52.3	50.3
1943	47.6	53.3	49.3
1944	47.7	52.8	49.2
1945	48.7	53.5	50.2
1946	46.4	53.2	48.4
1947	46.6	52.5	48.6
1948	49.0	54.9	51.1
1949	49.4	52.5	50.6
1950	51.5	53.0	52.7
Totaal	48.4	53.4	50.1

Ons sien hier dat die meisies gemiddeld elke jaar hoër punte behaal as die seuns. Soos te vore aangehaal,⁽²⁾ is die rede hiervoor waarskynlik omdat die meisies 'n meer uitgesoekte groep as die seuns is.

Opmerklik is hier hoe min die gemiddelde punte van jaar tot jaar verskil, hoogsmoontlik omdat die senior onderwyser in Afrikaans vir al die jare dieselfde was.

Die standaard afwyking vir die hele groep is 13.8 waaruit volg dat $66\frac{2}{3}\%$ van die 3285 leerlinge tussen 36.3 en


63.9% /

(1) Sien Bylae A1 op bl.36a.
(2) Sien bl.12.

63.9% behaal het. Tog is daar 'n totaal van 330 leerlinge wat 35% en minder behaal het. Die hoogste punte deur leerlinge behaal was 85% en die laagste 11%.

Figuur I.

Verspreiding van 3285 leerlinge volgens punte in Afrikaans behaal.



Uit Fig. I blyk dit dat die groep leerlinge wat persentasie in Afrikaans betref, min of meer normaal versprei is en ons kan dus aanneem dat die leerlinge 'n gemiddelde monster van Afrikaans-medium hoërskoolleerlinge is.

(b) Engels/.....

(b) Engels.

Die punte vir Engels is ook van die verslagkaarte geneem en wel die punte wat in die vierde kwartaal van die jaar behaal is.

Tabel VIII.

Gemiddelde persentasie in Engels vir elk van die nege jaar 1942-1950.

Jaar	Seuns	Meisies	Totaal
1942	51.5	55.3	52.8
1943	47.4	50.0	48.2
1944	47.9	53.5	49.6
1945	47.2	49.4	47.9
1946	44.8	48.0	47.8
1947	43.8	48.0	45.2
1948	48.3	49.3	48.7
1949	48.2	48.6	48.4
1950	47.4	50.1	48.1
Totaal	47.1	50.2	48.1

Opvallend is hier die geleidelike daling vanaf 1942 tot 1947 om dan die laaste vier jaar weer min of meer konstant te bly. Hierdie verskynsel val moeilik te verklaar daar die senior-onderwyser in Engels vir die hele tydperk dieselfde was.

Soos by Afrikaans behaal die meisies ietwat hoër punte as die seuns.


Die standaard afwyking vir die hele groep is hier 14.1 waaruit volg dat $66\frac{2}{3}\%$ van die leerlinge tussen 34 en 62.1% in Engels behaal het. Tog het 628 leerlinge, of 19.1% van die hele groep 35% en minder behaal.

Die hoogste punte behaal was 85% en die laagste 10%.

Figuur II./.....

Figuur II.

Verspreiding van 3285 leerlinge volgens die punte in Engels behaal.



Ook hier vind ons dat die verspreiding van die leerlinge volgens die punte in Engels behaal nie ver afwyk van die toevalskurwe nie en kan ons aanneem dat, ook wat Engels betref, die leerlinge as 'n goeie monster van leerlinge aan 'n Afrikaans-medium-hoërskool geneem kan word.

4. VERWERKING VAN GEGEWENS.

(a) Algemeen:

Nadat vir elk van die 3285 leerlinge die aantal Afrikaanse en Engelse boeke wat gelees is, gevind is van die biblioteek-kaarte en die punte in Afrikaans en Engels behaal van die verslagkaarte gevind is, en op naamlyste ingevul is, kon oorgegaan/.....

oorgegaan word tot die opstel van distribusietabelle en die berekening van korrelasie-koëffisiënte.

Dit het prakties die beste geblyk om tabelle op folio-grootte papier af te rol. Die vertikale as (y-as) is gebruik om die punte in Afrikaans of Engels behaal voor te stel en die horisontale (x-as) om die aantal boeke voor te stel. Intervalle van 5 is vir punte gebruik en 2 vir boeke.

(b) Opstel van Verspreidingstabelle:

Op die afgerolde vorms is toe verspreidingstabelle opgestel vir elke jaar, standerd, geslag en taal vir elk van die nege jaar waaroor die proefneming gaan,

Die opstel van hierdie tabelle is gedoen soos aanbeveel deur Garrett⁽¹⁾. 'n Voorbeeld van so 'n tabel word aangeheg⁽²⁾

(c) Samevoeging van tabelle:

Dieselfde vorms is gebruik om die aparte standerds, en geslagte saam te voeg om die volgende groeperings te verkry⁽³⁾

i. Totaal seuns, totaal meisies en totaal leerlinge vir Afrikaans en vir Engels vir elk van die nege jaar en vir die 9 jaar tesame, d.w.s. 60 tabelle.

ii. Totaal vir elke standerd, seuns en meisies vir elke taal vir elk van die nege jaar en vir die 9 jaar tesame, d.w.s. 30 tabelle.

Die inskryf van die verskillende getalle op dieselfde vorm het l.g. egter so gevul dat dit nodig was om die totale vir elke hokkie oor te boek op nuwe vorms om die nodige berekenings te doen.⁽⁴⁾

(d) Berekening/.....

(1) Henry E. Garrett, Statistics in Psychology and Education, p.p. 258 - 261.

(2) Sien Bylae B.

(3) Sien Bylae C.

(4) Sien Bylae D.

(d) Berekening van korrelasie-koëffisiënte:

Die korrelasie-koëffisiënte is bereken volgens die produkte-momente formule van Karl Pearson soos aanbeveel deur ⁽¹⁾Garrett.

Om die verskillende soorte syfers te onderskei is die volgende gedoen:

1. Die totale gevalle is in ink aangebring. Dan is 'n skatting gemaak vir die gemiddelde en die asse getrek.
- ii. Die momente of produk van die ordinate is in potlood ingeskryf.
- iii. Die produk van momente en aantal gevalle is toe in rooi ingeskryf. 'n Voorbeeld van so 'n voltooide tabel word aangeheg. ⁽²⁾

Hierdie syfers het 'n hele folio-vel beslaan en 'n dubbele folio-vel is vir verdere berekening gebruik.

Eers is twee tabelle opgestel. In die eerste was die volgende kolom-hoofde gebruik om die gegewens te tabuleer:

- i. F, die frekwensie of aantal gevalle in elk van die horisontale rye.
- ii. Y_1 , die aantal intervale wat elk van die rye bo (positief) of onder (negatief) die horisontale as-ry is.
- iii. FY_1 , die produk van (i) en (ii) hierbo.
- iv. FY_1^2 , die produk van (i) en die vierkant van (ii).
- v. $\sum X_1Y_1$, die algebraïese som van die produkte van momente van en aantal gevalle in elke hokkie. Gerieflikheidshalwe is dit in drie sub-kolomme bereken, nl. positief, negatief en antwoord.
- vi. $\sum X_1$, die antwoord verkry deur (v) te deel met (ii).

In die tweede tabel is die ooreenkomstige waarde vir elke kolom gevind en die kolom-hoofde word dus:

(1) F, die totale/...

(1) Henry E. Garrett, op. cit., p. 270.

(2) Sien Bylae D.

- (i) F , die totale aantal gevalle in elke kolom.
- (ii) X_1 , die aantal intervale wat elk van die kolomme links (negatief) of regs (positief) van die as-kolom is.
- (iii) FX_1 , die produk van (i) en (ii).
- (iv) FX_1^2 , die produk van (i) en die vierkant van (ii).
- (v) $\sum X_1 Y_1$, die algebraïese som van die rooi syfers in elke kolom.
- (vi) $\sum Y_1$, die kwasiënt van (v) en (ii).

Na voltooiing van die tabel is elke kolom opgetel en gesorg dat die volgende totale ooreenstem:

- (a) $\sum Y_1$ in kolom (ii) van eerste tabel met $\sum Y_1$ in kolom (vi) van tweede tabel.
- (b) $\sum X_1$ in kolom (vi) van eerste tabel met $\sum X_1$ in kolom (ii) van tweede tabel.
- (c) $\sum X_1 Y_1$ in eerste tabel met $\sum X_1 Y_1$ in tweede tabel.

Die volgende stap was die berekening van die korreksie vir x en y vanaf die geskatte gemiddeldes met behulp van die formule

$$\text{korreksie vir } x (Cx) = \frac{\sum FX_1}{N} \quad (1)$$

waar N die aantal gevalle is. Met behulp van hierdie waardes was dit moontlik, om die gemiddelde vir x en y te bereken met behulp van die formule

$$\text{gemiddelde vir } x = M + I.Cx \quad (2)$$

waar M die geskatte gemiddelde, I die interval en Cx die korreksie vir x is.

Daarna is bereken die afwyking vir x en y met behulp van die formule

$$Gx = \sqrt{\frac{FX_1^2}{N} - (Cx)^2 \times I} \quad (3)$$

waar Gx = Standaardafwyking.
 Cx = korreksie vir x .
 I = Interval.

Die/.....

-
- (1) Garrett, op. cit., p. 270.
 - (2) Garrett, op. cit., p. 45.
 - (3) Garrett, op. cit., p. 49.

Die korrelasie-koëffisiënt is dan uiteindelik bereken volgens die formule

$$r = \frac{\sum \frac{X_1 Y_1}{N} - (C_x C_y)}{G_x G_y} \quad (1)$$

waar r die korrelasie-koëffisiënt is en $\sum X_1 Y_1$, $C_x C_y$ en $G_x G_y$ tevore bereken is. 'n Voorbeeld van so 'n berekening word aangeheg. (2)

Die finale berekenings is almal met behulp van viersyfer logaritmes gedoen.

Ten laaste is ook die moontlike fout vir elke r bereken met behulp van die formule

$$PER = \frac{.6745(1-r^2)}{\sqrt{N}} \quad (3)$$

waar r = korrelasie-koëffisiënt.
en N = aantal gevalle.

5. RESULTATE.

Die verskil tussen die waardes van r verkry vir Afrikaans en vir Engels is so gering en so onreëlmatig dat dit nie nodig beskou is om die resultate in een tabel te gee vir vergelyking. Gevolglik word die resultate apart gegee.

(a) Afrikaans:

Tabel IX.

Korrelasie-koëffisiënte vir seuns en meisies vir elk van die jare 1942-50.

Jaar	Seuns		Meisies		Totaal	
	r	PER	r	PER	r	PER
1942	.2590	.0466	-.0165 ^x	.0677	.2197	.0383
1943	.1796	.0401	.1043 ^x	.0619	.1922	.0329
1944	.3591	.0357	.3831	.0549	.3751	.0296
1945	.2010	.0373	.2009	.0541	.2155	.0306
1946	.1082 ^x	.0368	.1180 ^x	.0557	.1589	.0383
1947	.0432 ^x	.0458	.0027 ^x	.0643	.0362 ^x	.0296
1948	.1570 ^x	.0518	.3513	.0640	.2308	.0406
1949	.2320	.0427	.3733	.0524	.2992	.0336
1950	.2704	.0394	.2768	.0564	.2823	.0317
Totaal	.1664	.0138	.1654	.0197	.1811	.0114

(x - Gevalle waar 4xPER groter is as r.) Met die/.....

(1) Garrett, op. cit., p. 270

(2) Sien Bylae E.

(3) Garrett, op. cit., p. 280

Met die eerste oogopslag merk ons die besondere lae waardes van r en dit teen alle verwagtings in dat 'n leerling baie moet lees om in tale te verbeter.

Neem ons Garrett se verklaring⁽¹⁾ dat die korrelasie-koëffisiënt ten minste 4 keer so groot as die moontlike fout moet wees voor ons dit as betekenisvol kan beskou, dan is daar 8 van die 30 gevalle wat ons kan verwerp as sonder enige waarde vir die bewering dat daar 'n verband bestaan tussen die aantal boeke wat 'n kind lees en sy prestasie in die taal. Hierdie gevalle is aangedui met 'n x.

Van die origes varieer die waardes van r tussen .1589 (seuns en meisies 1946) en .3751 (seuns en meisies 1944).

Tabel X.

Korrelasie-koëffisiënte vir elke standerd vir die
jare 1942-1950 saam.

Std	Seuns		Meisies		Totaal	
	r	PER	r	PER	r	PER
6	.1986	.0288	.2152	.0397	.2043	.0233
7	.2378	.0249	.1698	.0364	.2324	.0203
8	.1820	.0297	.1820	.0411	.2385	.0263
9	.1472 ^x	.0745	.2227	.0553	.1677	.0302
10	.1263 ^x	.0454	.1143 ^x	.0638	.1187 ^x	.0369

x - Gevalle waar 4xPER groter is as r .

Hier weer is in vier van die 15 gevalle die waarde van r in vergelyking met 4xPER so klein dat ook geen verband aangeneem kan word nie.

Die waarde van r in die ander 11 gevalle wissel tussen .1677 (Seuns en meisies Std 9) en .2378 (Seuns Std 7).

(b) Engels:

Tabel XI/.....

(1) Garrett, op. cit., p. 281.

Tabel XI.

Korrelasie-koëffisiënte vir seuns en meisies vir elk
van die jare 1942-1950

Jaar	Seuns		Meisies		Totaal	
	r	PER	r	PER	r	PER
1942	.1471 ^x	.0499	.1440 ^x	.0672	.1774	.0389
1943	.2271 ^x	.0392	.3190	.0562	.2497	.0324
1944	.1114 ^x	.0405	.2008 ^x	.0609	.1387	.0338
1945	.2481	.0365	.1571 ^x	.0559	.2228	.0305
1946	.1880	.0359	.1724 ^x	.0548	.1818	.0301
1947	.0587 ^x	.0456	.1726 ^x	.0622	.0709 ^x	.0371
1948	.4159	.0440	.2507 ^x	.0678	.3574	.0374
1949	.2900	.0413	.3698	.0487	.3032	.0320
1950	.2277	.0403	.1452 ^x	.0724	.2067	.0331
Totaal	.1402	.0144	.1744	.0198	.1640	.0116

x - Gevalle waar 4xPER groter is as r.

Met uitsonderings is die waardes van r vir Engels kleiner as die ooreenkomstige waardes vir Afrikaans. Van die 30 gevalle is daar nie minder as 11 waar die waarde van die korrelasie-koëffisiënt kleiner is as 4x die moontlike fout, en waar ons dus nie kan aanneem dat 'n ooreenkoms bestaan nie.

Die waarde van r in die ander 19 gevalle lê tussen .1402 (alle seuns) en .4159 (seuns 1948).

Tabel XII.

Korrelasie-koëffisiënte van elke standaard vir
die jare 1942-50 saam.

Std.	Seuns		Meisies		Totaal	
	r	PER	r	PER	r	PER
6	.1946	.0289	.1275 ^x	.0409	.1752	.0236
7	.1568	.0256	.2316	.0354	.1756	.0201
8	.2252	.0292	.1744	.0412	.2240	.0237
9	.1484	.0360	.2844	.0537	.1832	.0300
10	.0662 ^x	.0458	.2095 ^x	.0627	.1023 ^x	.0371

x - Gevalle waar 4xPER groter is as r.

By 4 van/.....

By 4 van die 15 gevalle is die waarde van r kleiner as 4 x die moontlike fout. Die waarde van r wissel in die ander gevalle tussen .1568 (seuns Std 7) en .2844 (Meisies Std 9).

(c) Kumulatiewe effek.

Verder is nog 'n poging aangewend om die leerlinge wat 5 jaar die skool besoek het se totale aantal Afrikaanse boeke te neem en dit te vergelyk met hulle prestasie in Afrikaans aan die einde van Std 10. Die resultaat van hierdie proef verskyn in Tabel XIII.

Tabel XIII.

Korrelasie-koëffisiënte van Std 10 leerlinge wat 5 jaar boeke uitgeneem het.

	Seuns	Meisies	Totaal
Aantal	96	55	151
Gem. aantal boeke	75.2	85	79.4
Gem. % in Afrikaans	52.2	52.4	52.3
r vir hierdie groep	.2347	.2942	.2798
r vir alle Std 10	.1084	.1143	.1811

Dus is die korrelasie-koëffisiënt se waarde hoër as ons dit bereken volgens die aantal boeke wat 'n leerling oor die vyf jaar wat hy in die hoërskool is lees, as wanneer ons dit bereken volgens die aantal boeke wat hy in die Std 10 jaar uitneem.

Daar die leerlinge in Std 10 so min lees is dit te verwagte dat die totale syfer vir die 5 jaar 'n beter maat van sy belesenheid sal wees as die syfer vir die laaste jaar alleen.

6. OPSOMMING VAN RESULTATE.

Samevattend kan ons die resultate as volg stel:

(a) Die waardes van die korrelasie-koëffisiënt tussen aantal boeke uitgeneem en prestasie in die landstale is besonder laag. Van die 90 korrelasie-koëffisiënte wat bereken is, is daar 27 wat kleiner is as 4 keer die moontlike fout

en waar/.....

en waar ons geen verband kan aanneem nie. Van die res is die hoogste .4159 (Seuns 1948, Engels)⁽¹⁾ maar dit daal tot .1402 (alle seuns, Engels)⁽²⁾.

(b) Tussen Afrikaans en Engels is die verskil nie besonder groot nie. In 28 gevalle is die waarde van r vir Afrikaans hoër as die ooreenkomstige waarde vir Engels en in 28 gevalle is dit net anders. Die grootste verskil kom voor in 1948 (Seuns).

(c) Tussen seuns en meisies is die verskil net so onreëlmatig. In 15 gevalle is die korrelasie-koëffisiënt vir meisies in Afrikaans hoër as die vir seuns en in 12 gevalle is dit net andersom, terwyl dit in een geval dieselfde is. Vir die hele groep van 2201 seuns is r vir Afrikaans .1664 en vir die 1084 meisies .1654⁽³⁾. Vir Engels is die waardes respektiewelik .1402 en .1744⁽⁴⁾.

(d) Van jaar tot jaar is die verskil ietwat groter as tussen seuns en meisies. In Afrikaans varieer r tussen .0362 (seuns en meisies 1947) en .3751 (seuns en meisies 1944)⁽⁵⁾. In Engels lê die waardes tussen .0799 (seuns en meisies 1947) en .3574 (seuns en meisies 1948)⁽⁶⁾.

(e) In Afrikaans groei r by seuns en meisies saam van Std 6 tot Std 8 en neem dan weer geleidelik af na Std 10.⁽⁷⁾ In Engels word dieselfde opgemerk by seuns en meisies saam.⁽⁸⁾

(f) Die korrelasie-koëffisiënt word hoër as ons dit vir die Std 10-leerlinge wat vir 5 jaar boeke uitganeem het bereken.⁽⁹⁾

-
- (1) Sien Tabel XI, bl. 23
 - (2) Sien Tabel XI, bl. 23
 - (3) Sien Tabel IX, bl. 21
 - (4) Sien Tabel XI, bl. 23
 - (5) Sien Tabel IX, bl. 21
 - (6) Sien Tabel XI, bl. 23
 - (7) Sien Tabel X, bl. 22
 - (8) Sien Tabel XII, bl. 23
 - (9) Sien Tabel XIII, bl. 24.

III. GEVOLGTREKKINGS.

A. MOONTLIKE BESWARE TEEN DIE ONDERSOEK.

Soos te vore vermeld, was die waardes wat vir die korrelasie-koëffisiënt tussen die aantal boeke uitgeneem en die punte wat 'n leerling in die skoolleksamens in Afrikaans en Engels behaal verrassend laag. Die meeste onderwysers se raad aan 'n leerling wat swak in tale is, is : Lees meer! Volgens hierdie ondersoek skyn dit of lees maar 'n baie klein invloed op 'n leerling se taalprestasie het. Alvorens ons dit as onomstootlik aanvaar, kan ons op die volgende besware wys wat teen die ondersoek gemaak kan word:

1. Die aantal boeke per leerling:

Daar kan aangevoer word dat die aantal boeke wat die leerling uit die skoolbiblioteek neem nie almal deur hom gelees word nie of dat hy meer as daardie getal lees en dat die syfer nie as vertroubare maatstaf kan dien wat so 'n leerling in 'n jaar lees nie.

Persoonlike ondervraging van baie van die leerlinge het die volgende aan die lig gebring:

(a) Die leerlinge lees nie alle boeke wat hulle uitneem nie. Soms ontbreek dit aan tyd en soms hou hulle nie van die boek nie en lees net 'n gedeelte daarvan. Daar is steeds vir die leerlinge op gewys dat hulle nie boeke moet uitneem as hulle dit nie wil lees nie, en so ver moontlik is aan die leerlinge gevra om iets van die boek te vertel om vas te stel of hulle die boeke wel gelees het. Gewoonlik was dit maar enkeles wat nie hulle boeke gelees het nie.

(b) Daar is baie leerlinge wat baie meer lees as die boeke wat hulle uitneem; ons wys op die volgende:

(1) Die meeste leerlinge se ouers is intekenare op een of ander Afrikaanse dagblad en die leerlinge is gereelde lesers/.....

lesers van sekere rubrieke.

(ii) In die meeste huise kom daar gereeld een of meer weekblaaie en ook hiervan is die meeste leerlinge getroue lesers. Die Afrikaanse onderwysers het by tye weekliks tot 200 eksemplare van "Die Huisgenoot" en "Die Brandwag" onder die leerlinge versprei.

(iii) Baie leerlinge het die gewoonte om boeke wat hulle uitneem met 'n maat om te ruil en sodoende twee boeke per week te lees hoewel hulle maar een uitgeneem het.

(iv) Ander het ouer broers of susters op skool of in die werk en van dié kry hulle ook boeke om te lees.

(v) 'n Klein groepie was altyd lede van openbare biblioteke.

(vi) Sommige ouers het 'n aansienlike aantal boeke in hulle privaat besit. Baie is lede van die verskillende biblioteekskemas en ontvang maandeliks nuwe boeke.

(vii) In die hoër klasse word die voorgeskrewe boeke natuurlik oor en oor gelees.

Dus is dit baie moeilik om 'n presiese syfer te stel as die aantal boeke wat 'n besondere leerling per jaar lees. Tog kan ons aanneem dat die leerling wat baie lees en lief is daarvoor baie boeke uit die skoolbiblioteek sal neem en, indien die aantal boeke wat hy uitneem dan nie 'n absolute maatstaf is van wat hy per jaar lees nie, is dit tog wel 'n vergelykende indeks.

(c) Daar kan aangevoer word dat die aantal boeke wat die leerlinge lees nie genoegsaam is om hulle prestasie in die landstale te beïnvloed nie. As dit die geval is, behoort ons dan 'n hoër korrelasie-koeffisiënt te vind in dié jare wat die leerlinge gemiddeld meer boeke uitneem as in ander jare. Om dit te vergelyk word die resultate van tabelle V en IX en van V en XI hieronder langs mekaar gestel.

Tabel XIV/.....

Tabel XIV.

Gemiddelde aantal Afrikaanse boeke per jaar uitgeneem en die korrelasie-koeffisiënt vir die jaar.

Jaar	Seuns		Meisies		Totaal	
	Gem. boeke	r	Gem. boeke	r	Gem. boeke	r
1942	16,3	,2590	17,5	-,0165	17,4	,2197
1943	16,4	,1796	18,7	,1043	17,2	,1922
1944	13,1	,3591	17,1	,3831	17,4	,3751
1945	17,6	,2010	18,7	,2348	18,0	,2155
1946	15,8	,1082	18,1	,1180	16,7	,1589
1947	17,0	,0432	17,5	,0027	17,1	,0362
1948	8,7	,1570	11,2	,3513	10,2	,2309
1949	9,8	,2380	10,4	,3733	10,1	,2992
1950	14,4	,2704	16,2	,2768	15,0	,2823

Tabel XV.

Gemiddelde aantal Engelse boeke per jaar uitgeneem en die korrelasie-koeffisiënt vir die jaar.

Jaar	Seuns		Meisies		Totaal	
	Gem. boeke	r	Gem. boeke	r	Gem. boeke	r
1942	9,8	,1471	14,6	,1440	11,3	,1774
1943	11,4	,2271	12,5	,5190	11,7	,2497
1944	12,0	,1114	12,2	,2008	12,1	,1387
1945	14,3	,2481	15,3	,1571	14,6	,2228
1946	12,5	,1880	16,1	,1724	13,4	,1818
1947	15,5	,0587	15,6	,1726	15,5	,0799
1948	7,8	,4159	9,4	,2507	8,4	,3574
1949	8,0	,2800	6,9	,3698	7,6	,3032
1950	10,5	,2277	9,5	,1452	10,1	,2067

Ons merk hier geen ooreenkoms nie. Die treffendste is miskien die verskil tussen r vir die jare 1947 en 1948: Hoewel die aantal boeke in 1947 uitgeneem in albei tale baie meer is as die in 1948 uitgeneem, is r tog in al ses gevalle hoër in 1948! In die jare 1948, 1949 en 1950 vind ons in Afrikaans by die seuns 'n geleidelike styging in die aantal boeke uitgeneem en in die waarde van r; daarenteen vind ons in dieselfde jare in Engels dat die geleidelike styging in die aantal boeke uitgeneem vergesel gaan van 'n geleidelike daling/.....

daling in die waarde van r!

Dieselfde teenstrydigheid merk ons op as ons na die distribusietabelle kyk. Van die groottotaal is daar b.v. 162 leerlinge wat 60 en meer persent in Afrikaans behaal hoewel hulle elk 10 en minder boeke uitgeneem het; aan die ander kant is daar 189 leerlinge wat 20 en meer boeke uitgeneem het en tog 40 persent en minder in Afrikaans behaal het.

Gevolgtlik skyn dit nie of meer of minder lees 'n reëlmatige uitwerking op die waarde van r het nie.

2. Die punte in Afrikaans en Engels:

Daar kan aangevoer word dat die eksamenpunte nie op dieselfde peil gehou is nie; dat eksamenpunte, veral in tale, te onbetroubaar is daar die subjektiewe faktor 'n te groot rol speel, en dat gestandaardiseerde toetse 'n getrouer weergawe van die taalvaardigheid van die leerling sou gee.

Hier wil ons in die eerste plek meld dat die aard van die eksamenvraestelle in Afrikaans en Engels oor die betrokke jare nie veel verskil nie. Dit sluit die hele taalgebied in en gewoonlik word daarin die volgende vaardighede direk getoets:

- (i) Opstel en brief.
- (ii) Taalgebruik.
- (iii) Kennis van idiomatiese uitdrukkings en gesegdes.
- (iv) Kennis van besondere boeke - die verhaal, karakters.
- (v) Begripstoetse.
- (vi) Kennis van sinonieme, antonieme.
- (vii) In die hoër klasse ook litteratuurgeskiedenis, letterkundige waardering, beeldspraak, stylfigure.
- (viii) Mondelinge voordrag van gememoriseerde prosa en poësie.

Op 'n meer indirekte wyse speel die volgende 'n rol in die toekenning van punte:

- (i) Spelling en interpunksie.
- (ii) Woordeskat.
- (iii) Algemene kennis.

Die punte wat aan 'n leerling in Afrikaans of Engels toegeken word, is dus 'n saamgestelde punt vir baie uiteenlopende/.....

lopende soorte kennis en vaardighede en dit sou interessant wees om die invloed van wyd lees op elk van die soorte te ondersoek. Maar dit sal 'n reuse taak wees as dit elke jaar vir al die leerlinge in elk van hierdie onder-afdelings toegepas moet word.

Wat die eenvormigheid van punte-toekenning betref, dien weer vermeld te word dat dieselfde onderwysers vir die tale in die hoër klasse verantwoordelik was, en ons kan aanneem dat 'n konstante standaard gehandhaaf is. Dit sluit wel nie die persoonlike faktor by die beoordeling van briewe en opstelle uit nie, maar dit is hier 'n konstante faktor.

3. Die Organisasie van die biblioteek:

Die beswaar hier kan wees dat die biblioteek ondoelmatig beheer en georganiseer was, dat die boekery onvoldoende of eensydig was en dat die leerlinge dus nie genoeg of veelsydig genoeg kon lees nie.

(a) Die boekery:

Daar is baie moeite gedoen om die verskeidenheid boeke so groot moontlik te maak. Aan die begin van die tydperk waaroor die proefneming gaan was daar ongeveer 2500 boeke en dit het geleidelik aangegroei tot omtrent 3500 aan die einde van die periode.

Die boeke was in een sentrale biblioteekkamer en geskei in 'n Afrikaanse en 'n Engelse afdeling. Elke afdeling is onderverdeel in fiksie en nonfiksie. Die fiksie-afdeling was verder onderverdeel in:

- a. Romans en novelle van 'n algemene aard.
- b. Skool, koshuis en avontuurverhale.
- c. Speurverhale.
- d. Diereverhale.
- e. Mitologie
- f. Kortverhale.
- g. Toneelstukke en dramas.
- h. Poësie.

Die non-fiksie afdeling het die volgende onderafdelings behels/.....

behels:

- a. Biografiese werke.
- b. Opstelle en verhandelinge.
- c. Letterkundige werke.
- d. Werke oor kuns en musiek.
- e. Godsdienstige verhale en werke.
- f. Wetenskaplike werke.
- g. Reisbeskrywings.
- h. Geskiedkundige werke.

Die boeke was sodanig genommer dat die nommer van die boek 'n aanduiding is van die genre waartoe die boek behoort. Gevolglik was dit moontlik om gou te sien, deur net na 'n leerling se kaart te kyk, of 'n bepaalde leerling te eensydig lees. Sodra dit opgemerk is, is getrag om die leerling ook in ander rigtings belang te laat stel.

Daar kan dus o.i. nie aangevoer word dat die biblioteek te min of 'n te klein verskeidenheid boeke gehad het nie of dat die leerlinge te eensydig gelees het nie.

(b) Die inskakeling van die biblioteek in die onderrig van die tale:

Die proefnemer was nie taalonderwyser aan hierdie skool nie maar het steeds in voeling met die taalonderwysers gebly deur hulle aanbevelings te kry in verband met boekkeuse; deur hulle te verwittig watter leerlinge besonder baie of besonder min boeke uitneem; maar dit was ook so ver same-
werking kon strek. Meeste van die taalonderwysers het af en toe 'n kort opsomming van die leerlinge geëis maar niks verder gedoen om die vry-lees van die leerlinge as hulpmiddel by die taalonderwys te gebruik nie.

4. Moontlike metodologiese besware:

Teen die metode van ondersoek kan beswaar gemaak word daar die metings as insidenteel en indirek beskou kan word, dat die hele proefneming meer direk en wetenskaplik kon wees.

Dit word geredelik erken dat daar teoreties beter metodes is. Aanvanklik was die plan om al die leerlinge in Std. 7 in ekwiwalente groepe te verdeel volgens die Afrikaanse

punte in die laaate kwartaal in Std. 6 behaal en dan een groep glad nie te laat lees nie, 'n ander groep 10 boeke, nog 'n groep 20 boeke en 'n ander groep 30 boeke per jaar te laat lees en dan die eksamen punte in Afrikaans aan die einde van Std 7 te vergelyk. Dit lewer in die praktyk baie moeilikhede op soos:

(a) Die organisasie van die skool maak die verdeling van die leerlinge in ekwiwalente groepe onmoontlik. Die leerlinge verdeel hulleself outomaties in verskillende klasse volgens die vakke wat hulle kies en daar kan nie volgens intelligensie of taalbekwaamheid geklassifiseer word nie.

(b) Soos te vore aangedui is dit onmoontlik om die aantal boeke wat 'n leerling lees akkuraat te bepaal.

(c) Dit is nie moontlik om 'n leerling te kry om niks anders as boeke uit die skoolbiblioteek te lees nie.

B. UITEINDELIKE GEVOLGTREKKING:

Al die besware in ag geneem kan ons tog nie anders as om tot die slotson te kom dat vry-lees nie die taalprestasie van 'n leerling aanmerklik verbeter nie en dat dit baie meer ekonomies is om die taal direk te leer deur taallesse van verskillende aard.

Hierdie skynbare onmoontlike resultaat stuur uiteindelik af op die oordrag van verbetering in een aktiwiteit op die ander en word glad nie meer so onmoontlik as ons nagaan waarom die kind lees nie. Volgens Russel⁽¹⁾ is die lees by die kind in die eerste plek 'n ontsnappingsgebaar. Die kind lees omdat in lees sy fantasie vry spel neem; hy ontsnap van die probleme en moeilikhede van die lewe wat die volwasse nes op hom aandring; deur self-identifikasie met die held van die verhaal kom hy sy onmag om te presteer of om te oorwin teen die beperkings in sy lewe te bowe; hy kompenseer dus/.....

(1) Russel David, H: Children learn to read.

dus vir sy eie gebreke en tekortkominge. Dit is opmerk dat baie van die leerlinge wat baie swak op skool presteer reeds van die gretigste lesers was.

Verder lees die kind om die tyd te verdryf, as 'n vermaak. Dit is sy ontspanning vir ledige tyd. In albei hierdie gevalle is dit duidelik dat die kind hom nie sal steur aan die taal waarin die verhaal geskryf is nie, die verhaal is hoofsaak en hy het vrede met die enkele woorde waarvan hy nie die betekenis ken nie, met vreemde idioome, met hoe die woorde gespel word, en lang natuurbeskrywings word eenvoudig oorgeslaan.

Ook meen Russel⁽¹⁾ dat baie kinders alleen lees in verband met hulle objektiewe belangstelling. Hier weer is die hele doel die inhoud. Dus in die geheel, net so min as die kind 'n lemoen eet omdat dit vir hom nodige vitamines bevat, net so min lees hy 'n boek omdat hy daardeur sy taalkennis sal verryk; en ongelukkig kom die taalkennis nie so geredelik in die kind se brein as wat die vitamines in die liggaam kom nie.

Dat die waarde wat die kind uit die lees kry veral afhang van die doel waarmee hy lees, word baie duidelik deur prof. Horn gestel: "The most important factor in achievement in any curricular field is purpose. Reading is no exception. Purpose will determine whether the pupil will read at all, what he will read, what facts to select from his reading, how to organise the facts which he has selected, how far he should go with the problem and how he will decide what to try to remember".⁽²⁾

Nee, die taalonderwyser kan nooit aanneem dat as die
maar net/.....

(1) Russel David H. : Children learn to read.

(2) Horn Ernst : "Child development through reading"
The national Elementary Principal 29, p. 3.
November 1949.

maar net lees sy taalkennis vanselfsprekend sal verbeter nie. Indien die taalonderwyser die biblioteek as doeltreffende hulpmiddel in die taalonderrig wil gebruik, moet die hele organisasie spesiaal so ingerig word dat lees van biblioteek-boeke as doel het die verbetering van taalkennis. Taalonderwysers sal seker elk sy eie metode en sisteem uitwerk maar die volgende suggesties word voorgedou:

Die eerste vereiste sal wees dat die taalonderwyser ten minste eenkeer per week sy leerlinge na die biblioteek sal neem en behulpsaam wees met die uitneem van boeke. Dan kry die leerlinge elke keer 'n lys van take wat hulle moet verrig in verband met die boek wat hulle gaan lees. Hier volg 'n paar sylike voorbeelde:

1. Gee, in nie meer as 10 reëls, 'n mooi natuurbeskrywing wat in die boek voorkom.
2. Beskryf in 5 reëls die uiterlik van enige karakter in die boeke.
3. Skryf kortliks 5 karaktereienskappe van die held of heldin neer.
4. Maak 'n lys van moeilike woorde wat in die boek voorkom.
5. Maak 'n lys van 10 idiome wat in die boek voorkom.
6. Skryf 10 vroulike vorms van s. nwe. neer.
7. Skryf 10 sinonieme neer.
8. Skryf 10 antonieme neer.
9. Skryf 10 moeilike meervoudsvorme neer.
10. Skryf voorbeelde neer van die volgende stylfigure: Personifikasie, vergelyking, ens.

Hierdie soort take kan nog baie vermeerder word en dit sal moet ingedeel word om aan te pas by die standerd en die soort werk waarmee in die klas besig is. Die spesiale taak wat gestel word, sal ooreenstem met die soort werk waarmee die klas op die tyd besig is. Sodoende vul die biblioteek, die taalonderrig/.....

die taalonderrig aan en lees die kind met sy aandag ook op die taal van die boek gerig en nie alleen op die verhaal nie. Sodoende word daar vir die kind in sy vry-lees ook pertinente doelstellings verskaf. Sodoende help ons die kind om uit sy lees, wat dwarsdeur sy lewe vir hom die sleutel tot nuwe kennis kan bly, meer waarde te put. Sodoende sal selfs sy lees vir ontspanning daartoe bydra om sy taalgebreke en -tekortkomings aan te vul en te verbeter.

-----ooo00ooo-----

Voorbeeld van 'n biblioteekkaart wat gebruik was.

Naam :			Klas		
Boek	Uit	Terug	Boek	Uit	Terug

Jaar: 1943

No. . . . 5

Std. 7 Seams

Engels.

Boeke.																			Lijgers.				
<u>1</u>	<u>3</u>	<u>5</u>	<u>7</u>	<u>9</u>	<u>11</u>	<u>13</u>	<u>15</u>	<u>17</u>	<u>19</u>	<u>21</u>	<u>23</u>	<u>25</u>	<u>27</u>	<u>29</u>	<u>31</u>	<u>33</u>	<u>35</u>	<u>37</u>	Totaal				
2	4	6	8	10	12	14	16	18	20	22	24	26	28	30	32	34	36	38					
85							/												/				
81																							
80																							
76																							
75						/	/	/											3				
71	/			/	/			"	"		/								9				
70																							
66																							
65		/	/	/	/		"	/		/									8				
61	/	/			/		"	/											8				
60																							
56			/	/	"	"													7				
55																							
51	/	/		/					/										4				
50																							
46	/	"	"	/	/	"	/		/										12				
45																							
41			/	/	/				"										5				
40																							
36		"	"	"		/	/			/									11				
35																							
31		/	/	/															3				
30																							
26																							
25	/			/															2				
21																							
20	/	"																	3				
16																							
15			/		/														2				
11																							
10																							
0																							
Tot.	5	10	10	11	9	9	2	10	6	3	2	1							78				

Bylae C.

Jaar... 1942-50
Std. 6... Scuns.

No..... 41.....
Taal..... Engels.

		Boeke																Totaal				
		1	3	5	7	9	11	13	15	17	19	21	23	25	27	29	31	33	35	37		
		2	4	6	8	10	12	14	16	18	20	22	24	26	28	30	32	34	36	38		
85									/	/	/	/									4	
81																						
80							/		/	/	/			2							1	0
76									/					/								
75			/		/	2	/		/	/	/	2	/	/							1	7
71																						
70	/	/	3		/	/	/	/	2	/		/	/	/	/						3	1
66																						
65			3	/	4	/	/	/	/	2	2	/	/								4	3
61			2		/	2	2	/		/												
60	/	2		/	2	3	3	/	2	4	/	2	/	/							3	7
56																						
55	4	/	2	2	2	3	8	/	2	2	/		/	/							5	7
51	/	/	/	/	2	/	2		/	3	2	4		2	/							
50	/	2	5	3	2	2	2	/	2	3	2	/	/	3	/						6	1
46	/	/	/	/	/	/	/		5	/	/	/		/								
45		/	3	3	3	3	3	3	4	/	2	2	2	3							7	3
41		/	2	2	2	2	2	/	/	/	/	/	/	/								
40	8	4	4	4	2	2	6	/	2	/	/	/	3	/							6	3
36		/	/	/	/	/	/	2	2	/	/	/		/								
35	9	2	2	/	3	3	2	2	2	/	/	/	/	/							4	8
31	/		2		/	/	/	/	/	/	2											
30	/	/	/		3	/	/	/	/	/	/	/	/	/							2	9
26							3	2	/	/	/	/	/	/								
23	2	/	/	/	/	/	/	/	/	/	3	/	/	/							2	2
21					/	/			/	/	/	/	/	/								
20				/	/	/			/	/	/	/	/	/							9	
16																						
15	/																				1	
11																						
10																						
0																						
Tot	33	33	55	40	51	65	39	49	41	29	28	22	18	2							505	

Jaar...1942...
Std...6 Seuris.

No.....1.....
Taal...Engels.

Boeke.

	1	3	5	7	9	11	13	15	17	19	21	23	25	27	29	31	33	35	37	Totaal
	2	4	6	8	10	12	14	16	18	20	22	24	26	28	30	32	34	36	38	
85								16	24	32	40									4
81								16	24	32	40									
80							7	14	21	28			49							10
76							7	56	21	28			147							
75			18		6		6	12	18	24	30	36	42							17
71			18		6	2	2	2	2	2	3	1	1							
70	25	20	15		5		5	10	15		25	30	35	40						31
66	50	60	60		5		20	40	30		75	60	70	40						
65			12	8	4		4	8	12	16	20	24								43
61			96	16	28		20	16	48	96	40	48								
60	15	12		6	3		3	6	9	12	15	18	21							37
56	15	36		18	18		9	24	36	24	30	36	63							
55	10	8	6	4	2		2	4	6	8		12	14							57
51	50	16	30	20	16		2	20	42	40		36	14							
50	5	4	3	2	1		1	2	3	4	5	6		8						61
46	10	20	30	12	3		2	20	21	12	25	6		8						
45		6	11	11	8	8	6	5	4	3	9	2	3							73
41																				
40	5	4	3	2	1		1	2	3	4	5	6	7							63
36	40	36	18	16	3		4	10	6	8	5	18	14							
35	10	8	6	4	2		2	4	6			12	14							48
31	100	16	42	4	10		10	8	30			24	14							
30	15	12	9		3		3	6	9	12	15	18	21							29
26	15	24	18		9		15	18	18	24	15	36	21							
25	20	16	12	8	4		4	8			20	24	28							22
21	60	16	12	16	12		4	8			80	24	28							
20				10	5			10		20		30								9
16				20	15			10		40		30								
15	30																			
11	30																			
10																				
0																				
Tot.	33	33	55	40	51	65	39	49	41	29	28	22	18	2						505

Berekening van r en P.Er. vir Bylaag D.

F	y_i	Fy_i	Fy_i^2	Σx_i	Σy_i	$\Sigma x_i y_i$	Σx_i^2	Σy_i^2	$\Sigma x_i^2 y_i$
4	8	32	256	112	0	112	14		
10	7	70	490	259	0	259	37		
17	6	102	612	264	24	264	44		
31	5	155	775	160	175	160	32		
43	4	172	688	268	140	128	32		
37	3	111	333	222	87	135	45		
57	2	114	228	154	132	22	11		
61	1	61	61	94	75	19	19		
73	0	-	-	-	-	-	16		
63	-1	-63	63	113	65	48		48	
45	-2	-96	192	172	86	86		43	
24	-3	-87	261	66	147	-81	27		
22	-4	-88	352	116	144	-28	7		
4	-5	-45	225	35	80	-45	9		
1	-6	-6	36	30	0	30		5	
505		432	4572	2264	1155	1109	293	96	197

F	x_i	Fx_i	Fx_i^2	Σx_i	Σy_i	$\Sigma x_i y_i$	Σx_i^2	Σy_i^2	$\Sigma x_i^2 y_i$
33	-5	-165	825	245	125	120		24	
33	-4	-132	528	92	132	-40	10		
55	-3	-165	495	90	234	-144	48		
40	-2	-80	160	56	66	-10	5		
51	-1	-51	51	49	76	-27	27		
65	0	-	-	-	-	-	28		
39	1	39	39	72	33	39	39		
49	2	98	196	216	54	162	81		
41	3	123	369	258	54	204	68		
24	4	116	464	280	72	208	52		
28	5	140	700	300	100	200	40		
22	6	132	792	222	132	90	15		
13	7	126	882	336	77	259	37		
3	8	16	128	48	0	48	6		
505		197	5629	2264	1155	1109	456	24	132

(Vervolg op volgende bladsy.)

$$C_y = \frac{432}{505} = .8555$$

$$C_y^2 = .7318$$

$$G_y = \sqrt{\frac{Fy^2}{N} - C_y^2}$$

$$= \sqrt{\frac{4572}{505} - .732}$$

$$= \sqrt{9.053 - .732}$$

$$= \sqrt{8.321}$$

$$= 2.885$$

$$C_x = \frac{F_x}{N} = \frac{197}{505} = .3901$$

$$C_x^2 = .1552$$

$$G_x = \sqrt{\frac{F_x^2}{N} - C_x^2}$$

$$= \sqrt{\frac{5629}{505} - .15}$$

$$= \sqrt{11.14 - .15}$$

$$= \sqrt{10.99}$$

$$= 3.316$$

$$r = \frac{\sum \frac{x_i y_i}{N} - C_x C_y}{G_x G_y}$$

$$= \frac{\frac{1109}{505} - (.8555 \times .3901)}{2.885 \times 3.316}$$

$$= \frac{1.8573}{9.566}$$

$$= .1941$$

$$PE_r = \frac{.6745(1-r^2)}{\sqrt{N}}$$

$$= \frac{.6745 \times (1-.1941^2)}{\sqrt{505}}$$

$$= .0289$$

Getal.	Leg.
432	2.6355
505	2.7033
Cy	T.9321
Cy ²	T.8644
4572	3.6601
505	2.7033
←	0.9568
8321	0.9202
Gy ← ÷ 2	0.4601
197	2.2945
505	2.7033
Cx	T.5912
Cx ²	T.1824
5629	3.7504
505	2.7033
←	1.0471
10.99	1.0411
Gx ← ÷ 2	0.5206
1109	3.0448
505	2.7033
←	0.3415
Cy	T.9322
Cx	T.5912
←	T.5234
Gx	0.5206
Gy	0.4601
←	0.9807
1.857	0.2688
9.56	0.9807
r ←	T.2881
.6745	T.8290
(.6745) ²	T.9842
	T.8132
√505	1.3517
PEr ←	2.4615

BIBLIOGRAFIE - BOEKE.

- Adler, Mortimer J. How to read a book. New York. Simon & Schuster. 1940.
- Baker, Ernest A. (Editor) The uses of libraries. London, University of London Press Ltd. 1930.
- Ballard, P.B. Teaching the mother tongue. London. Hodder & Stroughton. 1926.
- Cant, Monica. School and College library practise. London. George Allen & Unwin Ltd. 1936.
- Coetzee, J. Chris (Red.) & Bingle, H.J.J. (Medewerker) Beginnels en metodes van die middelbare onderwys. Pretoria. J.L. van Schaik Bpk. 1947.
- Douglas, Mary Peacock The teacher-librarians handbook. Chicago. American Library Association. 1949.
- Fargo, Lucile F. Activity book for school libraries. Chicago. American Library Association. 1938.
- Fargo, Lucile F. The library in the school. Chicago American Library Association. 1947.
- Garrett, Henry E. Statistics in Psychology and Education. London. Longmans Green & Co. 1938.
- Gillispie, Mary. The use of books. London. Thomas Nelson & Sons Ltd. 1947.
- Good, Barr & Scater. The methodology of educational research New York. D. Appleton Century Co. 1936.
- Gray, W.S. (Editor) Keeping reading programs abreast of times. Chicago University Press. 1950.
- Gray, Wm.S. & Holmes, E. The development of meaningful vocabularies in reading. Chicago. Uni- of Chicago Press. 1938.
- Henry, Nelson B. (Editor) The fourty seventh yearbook of the National Society for the study of Education. Part II. Reading in high school and college. Chicago. The University of Chicago Press. 1948.
- Hildreth, G. Child growth through Education. New York. Ronald Press. Co. 1948.
- Holsinger, Karl J. Statistical methods for students of education. Boston. Ginn & Co. 1928.
- Immelman, R.F.M. & Varley, D.H. (Editor) The school library. Cape Town. Maskew Miller Ltd. 1944.
- Logasa, Hanna The high school library. Its function in Education. New York. D. Appleton & Co. 1928.

- McCall, William A. How to experiment in education. New York. The Macmillan Co. 1930.
- Monroe, Walter S. & Engelhart, Max. D. The scientific study of educational problems. New York. The Macmillan Co. 1936.
- Ralph, G.R. The library in education. London. The Turnstile Press. 1949.
- Rousseau, J.J. (Foxley, Barbara, translator) Emile or Education. London. J.M. Dent & Sons. 1933.
- Russel, David H. Children learn to read. Boston. Ginn & Co. 1949.
- Stott, C.A. School Libraries. Cambridge. Cambridge University Press 1947.
- Whipple, Guy Montrose (Editor) The thirty sixth yearbook of the National Society for the study of education. Part I. The teaching of reading, a second report. Illinois. Public School Publishing Co. 1937.
- Whitney, F.L. The elements of research. New York Prentice-Hall Inc. 1942.
- Witty, Paul & Kopel David Reading and the educational process. Boston. Ginn & Co. 1939.

BIBLIOGRAFIE - TYDSKRIFTE.

- Blank, M. "English class and the library". English Journal, XXVII (December, 1950), 493-500.
- Bowler, A.F. "Why read?" Clearing House, XX (February, 1946), 342-344.
- Burton, D.L. "Research in the teaching of literature." Review of Educational Research, XIX (April, 1949) 125-133.
- Dauson, D. & Cleary F. "The library in education." Review of Educational Research, XV (June, 1945) 256-267.
- Durrell, M. & Murphy, H.A. "Research in Reading." Review of Educational Research, XIX (April, 1949) 95-106.
- Fay, Leo C. "Relationship between specific reading skills and selected areas of sixth grade achievement." Journal of Educational Research, XLIII, (March, 1950), 541-547.
- Foley, Alice L. "In defense of intensive reading". English Journal, XXI (June, 1942), 445-450.

- Gilbert, Luther C. "Effect of reading on spelling in the ninth grade." School Review, XLIX (March, 1934). 197-204.
- Gilbert, Luther C. "Effect of reading on spelling in the secondary schools." Californian Quarterly of Secondary Education, IX (1933) 269-275.
- Gilbert, Luther C. & Gilbert Dorothy W. "The improvement of spelling through reading." Journal of Educational Research, XXXVII (February, 1944) 458-463.
- Gray, William S. "Summary of reading investigations." Journal of Educational Research, XLIII (February, 1950), 401-439.
- Handlan, B. "The fallacy of free reading as an approach to appreciation." Educational Journal, XXXV (April, 1946) 182-188.
- Handlan, B. "Vocabulary Dewelopment." Elementary English Journal, XXIII (December, 1946) 350-357.
- Harris, Chester W. "An exploration of language skill patterns." Journal of Educational Psychology, XXXIX, (October, 1948), 321-336.
- Hildreth, Gertrude. "Reading achievement and linguistic ability." Education, LXIX (May, 1949) 567-571.
- Hildreth, Gertrude. "Interrelationship among the language arts." Elementary School Journal, XLVIII (June, 1948) 538-549.
- Horn, Ernst "Child development through reading." The National elementary Principal, XXIX (December, 1949) 3-4.
- Lane, E. de Lara "What do your pupils read?" The nation's schools, XLIV (November, 1948) 45 - 46.
- Leary, Bernice E. "What does research say about Reading?" Journal of Educational Research, XXXIX (February, 1947) 434 - 444.
- Noyes, Edward S. "Reading and the study of English". English Journal, XXXIX (April, 1950) 190-195.
- Shores, J.H. & Husbands, K.L. "Are fast readers the best readers?" Elementary English, XXVII (January, 1950) 52-57.
- Smith, Benjamin F. "Library guidance in Reading." Educational Record, XXXI (January, 1950) 50 - 58.

- Smith, Nila B. "Personal & Social values of reading." Elementary English, XXV (December, 1948).
- Spears, H. "The School library as the coordinating agency for the curriculum." School Review. LVI, (September, 1948) 400 - 403.
- Townsend, Agatha "An investigation of certain relationships of spelling with reading and academic aptitude." Journal of Educational Research, XL (February, 1947) 465- 471.
- Witty, P.A. "Promoting growth and development through reading." Elementary English. XXXII (December, 1950) 493-500.
- Wood, Evelyn G. "Making the school library useful." New York State Education, XXXVI (June, 1949) 712-713 en 768.
- Yoakam, Gerald A. "Essential relationship between reading and subject fields of the curriculum." Journal of Educational Research, XXXVIII (February, 1945) 462- 469.

ONGEPUBLISEERDE VERHANDELING.

- Speight, Shirley T. "The library in a high school." Tesis vir Union first class teachers' Examinations. 1933, verkrygbaar in die Biblioteek van Transvaalse Onderwysdepartement.

-----ooo00ooo-----